***Erns is beter as lag***

**169** **Cornelius** val My (JaHshua) na hierdie toespraak alweer om die hals en sê diep ontroerd: "Ja, die woorde kan maar net `n God, en nooit `n mens tot die mense spreek nie!"

[2] **Ek** sê: "Ja, jy het volkome gelyk dat jy `n waar getuienis oor My gee, en dit sal ook baie vrug vir jou dra! Jou vlees en bloed het jou dit nie ingegee nie, maar jou gees, wat netsoos Myne uit Elohim is, en daarom is jy ook `n ware vriend en broer van My.

[3] Maar omdat ons onsself in die vlees bevind, volg ons nou die roep wat van die vlees uitgaan om te voorsien in die uiterlike behoeftes!"

[4] Almal gehoorsaam en ons gaan aan die tafels, waarop goed voorbereide visse van die edelste soort op ons wag.

[5] Aan die tafel waaraan Ek plaasneem, sit regs van My Cyrenius, langs hom Cornelius, en teenoor ons sit Faustus, Kisjonah, Julius en Philopold. Links van My sit Jarah, dan Rafael, die jong Josoë en dan Ebahl. Die onderste, lang vleuel verder na links word beset deur My leerlinge, en die boonste regtervleuel deur die koninklike familie Ouran met Mathael, Rob, Bos, Miga en Sahr.

[6] `n Ander, baie lang tafel gee plek aan die vyftig fariseërs. Hierdie loop in dieselfde rigting as Myne, en staan in My gesigsveld, en Stahar en Floran sit sodanig in die middel dat hulle My gesig kan sien.

[7] `n Derde tafel, agter My, gee plek aan die dertig jong fariseërs en leviete. Hul vernaamste sprekers Hebram en Risa sit net agter My rug, maar met die gesigte daarnatoe.

[8] Skuins teenoor die linkervleuel van My tafel, dus agter My leerlinge, staan ietwat na onder toe `n kortere tafel met die twaalf, waaronder hul sprekers Suetal, Ribar en Baël, en aan die boonste vleuel vlak agter Ouran is nog `n klein tafel waaraan die arme Herme sit, die bekende boodskapper uit Caesarea Philippi, met sy nou deftig geklede vrou, drie eie dogters en `n vierde pleegdogter. So sit nou al die wat by My hoort, op die regte plek.

[9] Die bediendes het hul tafels ietwat meer aan die buitekant, en is ook baie goed versorg, soos ook die honderde soldate, wat in hul kamp self vir hul onderhoud moes sorg, soos dit by die Romeine altyd gebruiklik was.

[10] Almal sorg nou vir die nodige versterking van ledemate en ingewande, en almal prys My vir so `n uitsonderlik versterkende onthaal.

[11] Die visse, die brood, allerlei goeie en soet vrugte - soos vye, pere, appels, pruime en selfs druiwe - vul die tafels en daar is nêrens gebrek aan heerlike wyn nie. Daar is aan geen enkele tafel ook maar iemand wat geen goeie eetlus het nie, en die ou Markus, beide sy seuns, en ook `n paar van sy ouer dogters, beweeg heen en weer en sorg dat daar op geen tafel iets ontbreek nie!

[12] Die wyn maak langsaam maar seker die tonge los, en hier en daar klink die stemme harder en harder aan die tafels. Ook aan My tafel word op allerlei maniere verbasing uitgespreek oor spys en drank, ja selfs My Jarah word lewendiger en het geen woorde en bewondering genoeg vir die soet druiwe, omdat dit nou eintlik nog geen tyd was vir druiwe nie.

[13] Ook My leerlinge begin aardig spraaksaam te word, wat selde die geval was. Net Judas Iskariot swyg, want hy was nog te druk besig met `n groot vis, en die aansienlike wynbeker voor hom hou hom ook te veel besig om nog tyd te hê vir `n gesprek. Thomas het hom al wel `n paar keer aanstoot gegee, maar Judas Iskariot merk niks op nie en dit was maar ook goed so, omdat hy andersins gou iets ongepas sou gesê het.

[14] Jarah aan My linkerkant was egter op `n geleentheid lus om die onwelgevallige leerling eers goed op sy plek te sit, maar Judas Iskariot was die keer vir geen prys van sy onverstoorbare, gulsige eet en drink af te bring nie.

[15] Toe hy egter klaar was met sy groot vis, maak hy aanstaltes om `n tweede, nie minder groot nie, te gryp. Maar Rafael was ietwat vinniger en was Judas Iskariot net voor. Wel - dit het natuurlik aanleiding gegee tot `n ietwat onderdrukte vrolikheid, en Jarah kon maar met moeite voorkom om hardop te lag.

[16] Ek het Jarah gevra wat met haar aan die gang was.

[17] En **die meisie** sê: "O Meester, My liefde, waarom vra U iets aan `n mens, as U innerlik duideliker sien, soos ons die buitekant van hierdie drinkbeker?! O Meester, het U dan nie gesien dat die leerling Judas Iskariot al vroeër die allergrootste, seker tien pond sware vis vir homself uitgesoek het nie en ook die grootste beker?! Daarna het daar nog heelwat groot stukke brood in sy buik afgedaal!

[18] Nou wou hy nog die tweede groot vis ingesleep het, maar Rafael, wat die teregte ergernis van die leerlinge opgemerk het, was die gulsige Judas Iskariot een voor, en red so die vis voor die vraatsug van Judas Iskariot. Wel, dit is die rede waarom ek haas my lag nie kon inhou nie!

[19] Ek weet nog goed van Genésaret af dat `n mens eintlik nooit moet lag nie, behalwe uit liefde en vriendelikheid, maar die geval was helaas so komies dat ek byna begin lag het. Ek glo, dat dit tog nie so erg is om te glimlag oor `n gulsige vrek se misgryp tydens `n egoïstiese saak nie. Want jy kan jou daarby ook voorstel dat so `n streek hom ietwat sou kon verbeter - en dan moet dit tog wel geoorloof wees om fyntjies te glimlag!"

[20] **Ek** sê: "My liefste Jarah, dit is nie presies sonde nie, maar as mens dit kan nalaat, doen `n mens tog beter. Kyk, as `n mens so `n vrek met `n sekere erns aansien, roep hy homself tot orde en laat sy vrekkige voornemens vaar. Glimlag `n mens egter oor hom, dan word hy kwaad, en doen dan alles om sy voornemens dubbel vrekkig uit te voer!

[21] Judas Iskariot is `n vrek en miskien ook `n dief, want wie sy naaste altyd wil bedrieg, en hom ook bedrieg is `n dief.

[22] Sien hy by `n egoïstiese handeling glimlaggende gesigte, dan dink hy dat `n mens sy skurkestreek wat soos `n grap lyk, laakbaar vind, en dan gaan hy nog intensiewer deur met sy gemene streke. As hy egter, soos Ek hier al opgemerk het by sy streke, en reeds met die eerste aansit daartoe, met `n sekere erns van alle kante aangesien word, dan laat hy sy slegte voornemens vaar, en wag daarmee tot `n moontlike ander keer. Want op algehele verbetering hoef jy by `n vrek nie so gou te hoop nie! Maar tog is dit goed om hom so veel moontlik te hinder by die uitvoering van die een of ander selfsugtige onderneming. Hy verloor daardeur altyd meer van die verkreë moed vanweë die altyd optredende mislukkings, en laat die kwade na, wel nie uit afsku daarvoor nie, maar dan tog uit ergernis.

[23] Kyk, My allerliefste dogtertjie, om hierdie redes wat Ek jou nou vertel het, is dit dus beter om nie vir iemand te lag wanneer die een of ander voorgenome boewestreek misluk nie!"

### *Die teenstrydigheid tussen wou en doen*

**170** **Jarah** sê: "Ja, Meester, U my enigste liefde, dit sou wel volkome korrek en eintlik die allerbeste gewees het as `n mens maar altyd dadelik sulke suiwer goddelike advies byderhand gehad het! Maar ons mense is alreeds so blind - en dit juis op oomblikke dat ons die skerpste moet kan sien - dat ons deur al die bome nie die bos kan sien nie! En met ons ware lewenswysheid gaan dit op die gewigtigste oomblikke van ons lewe geen haar beter nie. Daar waar ons haar die meeste nodig het, laat sy ons in die steek, en as ons haar nie so dringend nodig het nie, sit ons vol met verhewe gedagtes en idees! Wat dit aanbetref is dit met ons mense altyd `n vreemde saak!

[2] Niks skyn by myself goed te wees behalwe my wil nie. Maar selfs dit is dan ook nog nie so te prys nie, omdat die krag meestal ontbreek om iets heeltemal uit te voer. Want baie keer wil `n mens iets doen wat werklik goed is, maar dan doen jy dit tog nie, of `n mens doen juis die teendeel van die goeie wat `n mens eintlik wil. Waarom dit so is, weet ek nie, maar dat dit so is, weet ek uit eie ervaring.

[3] Meester, U my liefde! Deur U almagtige barmhartigheid het ek `n wonderbaarlike blik gehad op U groot wêreldskeppings en weet wat dit aanbetref nou meer as alle geleerdes van die aarde bymekaar. Ek ken dit wat die eindelose diepte van U hemele bevat, maar waarom ken ek dan ook nie myself nie?!"

[4] **Ek** sê: "Omdat jy self `n baie meer wonderbaarlike wese is as alle groot sonne en wêrelde bymekaar! In die hart van die mens lê `n baie meer wonderbaarlike hemel verborge as die grote wat jy met jou eie oë gesien het.

[5] Weet dat alle materie `n oordeel is, en `n ysere dwang! Jy kan die buitekant en ook die innerlike struktuur daarvan ondersoek, en baie aptekers besit die kennis om `n stof in haar oerelemente te ontleed. En hierdie besondere wetenskap noem `n mens die skeikunde, wat in die loop van tyd altyd verder vervolmaak sal word.

[6] Soos wat jy `n klip taamlik presies van buite en van binne kan leer ken, so kan jy ook `n hele wêreld leer ken! Ons Mathael is in hierdie vaardigheid baie ver gevorderd en ook My leerling Andreas, wat by die Esseners was, is `n bekwame apteker, waarvoor hy in Egipte geleer het. Beide kan jou oor die materie van `n hele wêreld goed inlig en waarheidsgetrou duidelik maak. Natuurlik bevat die inwendige van die materie nog baie goed wat `n skeikundige nooit sal ontdek nie, maar die eintlike elemente waaruit `n stof bestaan, kan hy herken. Die aard van die elemente sal hy egter nooit ontdek nie, omdat hulle met die geestelike verbonde is, en wat slegs geheel en al deur `n suiwer gees waargeneem kan word. Want in die elemente lê oneindig baie verborge!

[7] Maar die mensesiel en haar gees bevat nog oneindig baie meer! Dit kan deur geen skeikunde ontdek word nie, en Ek Self moes juis daarvoor na julle mense toe kom om dit vir julle te leer, dit wat geen mens ooit uit homself te wete sou kon kom nie.

[8] So sien jy, juis vanweë jou moeilikheid, het Ek Self uit die hemel van die hemele gekom, en kom leer Ek julle dit wat niemand anders julle sou kon leer nie!

[9] Jy verstaan nou nog nie goed hoe jy iets kan wil sonder om daarvolgens te handel nie, en jy handel dan uit ander motiewe wat jy nie ken nie, en die latente begeertes van die liggaam bepaal jou handeling dikwels téen die wil van jou gees in. Want die wil maak geen deel uit van die liggaam en die bloed nie, en ook nie van die siel wat die liggaam en die bloed gemaak het, en wat later self haar formele ontwikkelingsvoedsel daaruit gehaal het. Maar die wil maak deel uit van die Liefde, wat My Gees in julle is waardeur julle nie net My skepsels is nie, maar My ware kinders is, en eendag in My ryk ook saam met My die hele oneindigheid sal beheer.

[10] Maar daartoe moet julle eers heeltemal nuut in die gees gebore word, omdat dit andersins nie moontlik is nie!

[11] My liewe dogtertjie, verstaan jy dit?"